Gebedsriglyne vir Week van Gebed 1-7 Februarie

Maandag 1 Feb - Jesus nooi ons uit om hom te volg

Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Hy het toe vir hulle gesê: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg. (Markus 1:15,17-18)

Jesus nooi elkeen van ons uit in 2021 om in 'n outentieke verhouding met Hom te leef. Hy nooi ons voortdurend uit met die woordjie, "kom". Hy wil dié uitnodiging, deur almal wat voortdurend na Hom te kom, aan almal bekend maak. Hierdie bewegings word mooi verwoord in die woorde van Jesus hierbo.

- Dank die Here dat hy jou persoonlik geroep het, dat jy daardie roepstem gehoor het en die geleentheid gehad het om daarop te reageer. Dink bietjie terug oor wanneer dit was.
- Vra die Here om jou te help om terug te kom na Hom toe as jy dalk jou liefde vir Hom verloor, of dit gekwyn het. Wy jou opnuut weer aan Hom toe ongeag die aard van jou verhouding met Hom.
- Bid vir iemand by name wat naby aan jou is wat jy weet dit nodig het om daardie roepstem te hoor. Bit dat hy of sy ontvanklik sal wees en sal reageer daarop. Dank die Here as iets gebeur hou aan bid.

Dinsdag 2 Feb - Jesus nooi ons uit om hom te volg

Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: "**Volg** My!" (Johannes 1:43)

'n "Dieper verhouding met God" beteken om in 'n **interaktiewe** verhouding met die teenwoordige Jesus te leef en te leer hoe om deel te neem aan dit wat Hy nog altyd besig was om te doen sedert Hy sy openbare bediening op aarde begin het, en wat Hy voortgesit het na sy opstanding en hemelvaart, en tot vandag toe mee besig is. Hy doen dit vandag in en deur die lewe van ons, sy volgelinge, en o.l.v. sy Gees. Die doel van hierdie fokus op Jesus en die interaktiewe lewe saam met Hom, is die **transformasie** van ons lewens

- Vra dat die Here jou sal wys watter deel of dele van jou lewe Hy wil transformeer sodat jy hom beter kan dien. Skryf daardie dele of areas neer en bid dat die Here jou dan daarin sal transformeer. Doen dit elke dag hierdie week.
- Vra dat die Here jou sal help om spontaan in alle omstandighede die mense wat oor ons pad kom lief te he. Skryf 'n paar name neer van mense wat vandag of gister oor jou pad gekom het. As jy nie hulle name ken gee hulle byname. Bid vir hulle en vra dat die Here jou sal help om Sy liefde te leef as jy weer in hulle vasloop.

"You can become the kind of person out of whom good deeds flow, rather than someone who does the good things that good people are supposed to do." (Jan Johnson)

Woensdag 3 Feb - Jesus nooi ons uit om ons af te sonder

Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te **bid**. (Lukas 5:16). Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buiten-

toe gegaan na 'n eensame plek en daar **gebid**. - (Markus 1:35)

Uit ervaring weet ons egter dat om werklik te luister nie iets is wat natuurlik na ons toe kom nie. Om werklik te luister – na mense of na God – is nie so maklik nie. Daarom is dit iets wat ons weer moet aanleer en inoefen, 'n kuns wat ons deur herhaling moet bemeester - soos om te leer om 'n dryfhou op die gholfbaan te slaan, of om grimering reg aan te wend.

- Vra dat die Here jou 'n begeerte sal gee om meer tyd met Hom te spandeer, meer as wat jy nou het.
- Vra dat die Here

Donderdag 4 Feb - Jesus nooi ons uit om na Sy stem te luister

Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; vir hom maak die hekwagter oop. Die skape **luister** na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. - (Joh 10:2-4)

Uit ervaring weet ons egter dat om werklik te luister nie iets is wat natuurlik na ons toe kom nie. Om werklik te luister – na mense of na God – is nie so maklik nie. Daarom is dit iets wat ons weer moet aanleer en inoefen, 'n kuns wat ons deur herhaling moet bemeester - soos om te leer om 'n dryfhou op die gholfbaan te slaan, of om grimering reg aan te wend.

- Vra die Here dat hy jou sal help om Sy stem te hoor en te onderskei tussen al die ander duisternis stemme.
- Vra die Here om jou te wys wat jy spesifiek moet doen ten einde Sy stem beter te hoor. Skryf dit neer en oefen dit in. Skryf ook neer wat jy reeds doen wat jou help. Dank die Here daarvoor.

Vrydag 5 Feb - Jesus nooi ons uit om die Woord nie net te hoor nie.

"Luister julle dan na wat die gelykenis van die **saaier** beteken: Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is. Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig. Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die **woord hoor** en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig. (Matteus 13:18-23)

"Elkeen dan wat hierdie **woorde van My hoor** en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het. (Matteus 7:24,26)

In die Gelykenis van die Saaier in Mattteus 13 maak Jesus dit juis duidelik dat om te "hoor" wat Hy sê, nie genoeg is nie. Dit doen die skare. Ons moet "luister", m.a.w. "hoor" en "verstaan" wat Hy sê – en die "verstaan" impliseer 'n gehoorsame reaksie.

- Vra dat die here vir jou 'n honger sal gee om Sy woord te lees, meer as wat jy tans het.
- Vra dat hy dit vir jou die woord sal oopbreek soos jy dit lees. Doen dit elke keer voor jy begin lees, terwyl jy lees en daarna as jy dit oordink.
- Bid vir iemand by naam wat jy ken wat glad nie die Woord lees nie, om dit te begin lees en te bestudeer. Dank die Here is daar 'n verandering kom en hou aan bid.
- Vra vir die Here of daar iemand is vir wie jy dalk 'n Bybel moet gee.

Saterdag 6 Feb - Paulus nooi ons uit om alles prys te gee

Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. (Fillipense 3:7-8,10-11)

Paulus gee in vers 5 en 6 van dieselfde hoofstuk 'n lang lys van kwaliteite wat hy eers as bates beskou het. Dit was inderdaad al daardie kwaliteite wat hom sy identiteit gegee het en dit gegewe was hy eintlik 'n baie vername persoon. Maar soos ons hierbo lees het dit alles vir hom waardeloos geword.

- Vra die Here dat Hy jou sal help om Christus so te leer ken dat Hy die waardevolste besitting van jou lewe sal word.
- Vra dat Hy jou sal wys wat is die dinge waarop jy roem, maar wat min waarde vir Hom het. Oordink dit en soos dit duidelik word maak 'n lysie en vra Hom om jou te help om dit alles prys te gee. As 'n somboliese gebaar gee dit vir Hom terug en vra Hom om die belangrikste ding in jou lewe te word.
- Bid dit ook vir iemand anders by name.

Sondag 7 Feb - Paulus nooi ons uit om op Jesus as die gekruisigde te leef.

Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor **Jesus** as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. (1 Korintiers 2:2)

- Vra die Here om jou te help om Hom as die een wat sy lewe vir alle mense prys gegee het, die tema van jou gesprekke te maak. Selfs by die werk waar dit moeilik is, in die winkels, op straat, by die vulstasie of as iemand by jou voordeur opdaag. Dink aan situasies waar jy dit graag sal wil doen.
- Vra die Here of daar iemand spesifiek is met wie jy hierdie goeie nuus moet deel. Vra Hom om jou te help om dit te doen en dat Hy vir jou die regte geleentheid sal skep.
- Dankie die Here dat jy hom nie ken as 'n belangrike persoon wat eens geleef het nie, of 'n profeet of die seun van Maria nie, maar as die een wat gekruisig is vir jou.

(Alle skrifgedeeltes uit 1983 Vertaling)